**REDAKSIONEEL**

## 1. Dankbetuiging

Wanneer die laaste uitgawe van 1974 verskyn, kyk ons dankbaar terug op die goeie ondersteuning wat *In die Skriflig* van die kant van medewerkers en ander geniet het. Gedurende die afgelope jaar kon elke uitgawe met die beoogde 64 bladsye kopie die lig sien. 'n Mens bly oortuig dat die teologiese tydskrif nog baie meer sy plek kan inneem as kommunikasie medium — enersyds tussen die lesers en andersyds tussen teoloë van gereformeerde rigting in Suid-Afrika.

Die wêreld opereer vandag voortdurend met „kommunikasie" sodat gepraat word van 'n „klein wêreld". Die kommunikasie onderstreep veral twee feite. Aan die een kant is dit 'n kommunikasie te midde en deur middel van *verwarring*, 'n regte Babelse kommunikasie. Aan die ander kant vertoon dit die duidelike strategiese opmars van die internasionale sosialisme wat weet hoe om kommunikasie media soos radio, koerante, studente-organisasies, vakverenigings, inflasie ens., aan te wend om die sogenaamde „establishment" en daarmee ook die behoudende religie in diskrediet te bring, die noodsaaklike „verandering" of „rewolusie" te kommunikeer en deur eindelose herhaling, selfs deur middel van internasionale nuusberigte wat aan die SAUK en pers gevoer word, die publiek eintlik te kondisioneer dat hulle aan die verkeerde kant van die draad en die wêreld staan! Die wortel van die kreet om „change" is tog ten diepste religieus gefundeer, 'n rewolusie van God af na die materie, die natuur en die mens, toe.

Ons dank die Here dat *In die Skriflig* 'n ander jaar op die front van die koninkryk van die Here Jesus Christus die lig van die Skrif kon laat skyn.

'n Woord van hartlike dank kom aan die drukkers, *Potchefstroom Herald* toe. Die drukwerk en proeflesing is van hoë gehalte. Die simpatieke samewerking om 'n betreklik klein blaadjie die lig te laat sien, toon dat dit vir hulle hierin meer oor die saak as oor die sake-kant gaan.

Mev. Marietjie Koelman van Hammanskraal het die afgelope jaar die administrasie van die blad behartig, selfs onder moeilike omstandighede toe daar uitbreiding in die gesin was! Van harte geluk met die laaste en baie dankie vir die werk!

## 2. Gelukwensing

Gedurende die jaar het drie teoloë die doktorsgrade behaal en kan die GTV hulle van harte geluk wens met die kroon op jarelange en moeitevolle studie. In alfabetiese volgorde noem ons dr. Henk Denkema van Johannesburg-Suid wat in die Departement Dogmatiek aan Unisa gepromoveer het met 'n proefskrif oor *Die Betroubare Woord.* Aan die P.U. vir C.H.O. het dr. Jan van der Walt in die Departement Kerkreg met 'n verhandeling oor *Christus as hoof van die kerk* en dr. J. H. (Amie) van Wyk van Stellenbosch met

'n studie oor die *Etiek van Vrede — 'n Teologies-etiese evaluering van die Christen passifisme*, die doktorsgrade behaal.

Wanneer 'n mens hulle geluk wens tref dit veral hoe aktueel elkeen van hierdie studies in ons huidige situasie is. Ons bede is dat die Here hierdie studies vrugbaar en diensbaar sal maak aan die triomf van sy koninkryk. Ons vertrou dat die GTV en *In die Skriflig* ook ryklik sal profiteer van die promovendi. Ons kan reeds van twee van die nuwe doktore in hierdie uitgawe artikels plaas en wag ook 'n bydrae van die ander een in. B.S.